# Maak Jou Eie Kompos.

Gebruik hierdie resep om met min moeite natuurlike kompos vir jou tuin te maak.

## Jy benodig:

Tuinafval
Swartsakke
Hoendermis

## Kompos vir nat weer

Neem 'n sterk swartsak en gooi 'n lekker dik laag tuinafval (onkruid, blare, takkies) daarin om die basis te vorm. Dek dan hierdie eerste laag tuinafval met 'n lagie opgefrommelde koerantpapier en dan 'n laag nat gras. Daarna gooi jy 'n dun lagie, ongeveer 1cm, van die fyn hoendermis oor. Jy behoort die hoendermis by enige kwekery te kry, en dit is ook natuurlik die aanjaagmiddel om die kompos gouer bruikbaar te kry. Die laaste lagie vir hierdie 'lasagne'-kompos is 'n lagie droë blare. Herhaal hierdie proses totdat jou swartsak vol is en knoop dit toe. Steek nou gaatjies, met jou vinger, in die kante van die swartsak om lug in te laat. Dop nou die sak om en plaas dit teen 'n muur in 'n hoekie van jou tuin vir ongeveer twee maande voordat jy die kompos kan gebruik.

## Kompos vir droë weer

Die resep vir die droëweerkompos is bietjie anders. Jy kan al die takkies, blare en grasafsnysels sommer iewers in jou kruiwa laat uitdroog en dan weer 'n stewige swartsak halfpad daarmee vul. Daarna kom daar 'n 1cm lagie fyn hoendermis voordat jy die sak met die res van jou tuinafval vul. Voordat jy die sak toeknoop, moet jy eers die droë bestanddele goed natmaak om te verseker dat die verrottingsproses sal plaasvind. Steek weer eens gate in die swartsak, maar hierdie keer slegs aan die onder- en een kant van die sak, anders gaan dit jou mure baie vuil maak. Plaas die sak teen 'n muur in die hoekie van jou tuin vir ongeveer 2 maande voordat jy die kompos gebruik.